Teologieë van transformasie: Lesse vir gemeentes

Piet Naudé

Die woord "transformasie" beteken letterlik om "anderkant die huidige vorm" te beweeg. In teologie verwys dit gewoonlik na 'n groep teologieë wat in die tweede helfte van die 20ste eeu ontwikkel het met besondere klem op die transformasie van die samelewing.

Gemeenskaplike kenmerke

Alhoewel materieel verskillend, sou ons tog enkele gemeenskaplike kenmerke van hierdie teologieë kan uitwys:

1. 'n Kritiese bewussyn

Teologieë van transformasie kyk met suspisie na die bestaande sosiaal-ekonomiese en politieke bestel. Hier word geredeneer dat wat mens op die "oppervlakte" sien inderwaarheid deur kragte "onder die oppervlakte" bestuur en bepaal word. Wat daardie kragte spesifiek is, word uiteraard verskillend vertolk.

Die lysie is lank: Gender-verhoudings (feministiese teologieë); rasse-diskriminasie (swart teologieë); koloniale oorheerings (lokale kultuurteologieë); klasse-verhoudings (sosiale bevrydingsteologieë); en androsentrisme of mens-sentriese verhoudings (ekologiese teologieë).

Punt is: Jy moet die vermoë aankweek om die bestaande magsverhoudings en kultuurprosesse te deurskou. Dan fokus jy op die onderliggende kragte wat wanverhoudings (man-vrou; wit-swart; ryk-arm; Westers-Afrika; mens-natuur) as "normaal" laat verskyn.

2. Klem op ervaring

Om regtig hierdie ondermynende kragte te verstaan, moet jy ervaar wat dit is om aan "die ander kant" (gewoonlik die onderkant!) te lewe. Daarom is solidariteit so belangrik.

Jy vereenselwig jou met die ervaring van vervreemding waaraan ander gedurig onderworpe is. Vir radikale transformasie-teoloë is dit onmoontlik om regtig die nood van ander te verstaan as jy nie deel van daardie groep is nie. Jou taak is dan meer om 'n bewussyn van self-vervreemding te skep en dit aan die groep self oor te laat om hul saak op te neem.

Vir meer gematigdes, is dit byvoorbeeld moontlik vir mans om die saak van vroue, vir rykes die saak van die armes, en vir mense om die saak van die kosmos (ekologie) te bevorder. Jy sal "die saak" nie verstaan as jy nie die "ervaring" het nie.

3. Hervertolking van die geskiedenis

Transformasie-teologieë neem die geskiedenis ernstig op. Hulle probeer om die geskiedenis oor te vertel sodat die "uitgelate stemme" daarin gehoor kan word. Daar is verder 'n groter bewussyn van die teenstrydighede in die geskiedenisse wat dikwels net waargeneem kan word deur diegene "aan die onderkant" van die geskiedenis.

Verder word aanvaar dat die geskiedenis nie maar onskuldig sy loop neem nie.

Gebeure word gestuur deur mense wat aan die ondermynende kragte uitgelewer is. Ons hoef dus nie ons lot gedweë te aanvaar nie. Verandering is moontlik, en dis noodsaaklik. God kan radikaal ingryp soos God telkens in die Bybelse verhale gedoen het. En die kernboodskap van die evangelie is: Bekeer julle, want die koninkryk van God is naby!

4. 'n Nuwe teologiese metode

Transformasie-teologieë beweer dat ortodokse (Westerse) teologie by die oorgelewerde tradisie of die Bybel begin en dan 'n groot, logiese sisteem daarop bou. Die vrae en antwoorde word dus pasklaar voorsien, maar dis eintlik maar beperk tot die vrae van Westerse samelewings.

Nee – sê die transformasie teoloë – daar moet met 'n besinning op die ervaring van vervreemding begin word. So luister jy eers na die werklike vrae. Met hierdie vrae gaan jy na die tradisie. Daar sal jy óf antwoorde vind óf die Bybel in 'n nuwe lig moet vertolk. "God regverdig deur die geloof alleen" kan dan aangevul word met "God is die God van die vervreemdes".

Waar tradisionele teologie die akademie of kerk as adres gehad het, wil transformasie-teoloë dat teologie eintik tuiskom in aksie ter wille van lydendes in die samelewing. Jou interpretasie van ervaring en die Bybel is eers "werklik" as dit tot handeling oorgaan. Hierdie verhouding tussen ervaring-denke-handeling word soms "praxis" genoem. Dit beklemtoon die voortgaande verhouding, omdat jy deur handeling weer nuut oor ervaring sal moet nadink. So gaan die proses voort.

Wat kan ons vir gemeentes hieruit leer?

Op eenvoudige manier kan mens dalk die volgende aanstip:

1. **Ons moet die kritiese vermoë ontwikkel om "onder die oppervlak" van die gemeente te kyk.** Watter kragte stuur hierdie gemeente? Wie is die informele leiers? Watter faktore is bepalend vir identiteit? Watter negatiewe ideologieë (seksisme, rassisme, klassisme, ensovoorts) wat die liefde van die evangelie weerspreek, is nog teenwoordig?

2. **Ons kan nie geestelike leiers wees sonder om empaties met mense saam te lewe nie.** Jy moet hul ervarings deel en leer ken. Jy moet vrese, bekommernisse, maar ook bronne van vreugde en stabiliteit verstaan sonder om in romantiese vereenselwiging te verval.

3. **Ons moet glo die evangelie is 'n veranderende krag van God vir elkeen wat dit hoor.** Jesus se menswording en veral opstanding het direkte historiese betekenis: Dis 'n vervulde belofte dat die geskiedenis altyd oop is. God se Woord keer nie leeg na God self terug nie!

4. **Ons het 'n koherente teologiese raamwerk nodig.** Ons weet nou al dis nie so belangrik waar jy "begin" nie. Dis belangriker dat konteks (ervaring) , tradisie (belydenisse) en Bybel op mekaar inspeel en dat jy (as gereformeerde) minstens die kritiese gewig aan die Bybel sal toeken.

So kan ons veel by hierdie teologieë leer en draers van God se transformasie word.